***Gode en mense***

**84** Maar **Ek** sê vir die Griek: "Luister, beste vriend! Die veertien bediendes van jou kan ten beste ywerige en vaardige mense wees, maar jy het sóveel by jou dat dit hulle tog `n behoorlike tydjie sou neem voordat hulle dit alles in orde sou hê.

[2] Kyk, hierdie skynbare knaap is één van My talle dienaars en sal in `n oogwink meer doen as al jou veertien dienaars in ruim honderd jaar. Laat jou dienaars daarom vir hierdie keer rus, dan sal hierdie enigste dienaar van My wat hier aanwesig is, in `n oogwink alles so op die ou bekende manier van jou ingerig hê soos jou veertien dienaars skaars in drie dae sou kon!

[3] As jy daarmee instem, sal Ek hom daartoe opdrag gee!"

[4] **Die Griek** sê: "Vriend, as so iets op aarde moontlik is, dan vra ek Jou dit! Want my dienaars is tog al baie vermoeid van die reis en kan dus met die uitpak en oprig van die tente ten beste baie lank besig wees!"

[5] **Ek** sê vir Rafael: "Wys wat `n suiwer gees in `n oogwink kan doen!"

[6] **Rafael** buig diep en sê: "Meester, U het beveel en kyk, alles is reeds kant en klaar!"

[7] Daarop sê **Ek** vir die Griek: "Wel, vriend, staan op en ondersoek of die werk na wense gedoen is!"

[8] **Die Griek** gaan staan, slaan driemaal sy hande ineen en sê stomverbaas: "Ja, alle gode nog aan toe! Wat is dit nou?! Die jongeling was nog gladnie weg gewees nie en my tente staan al kant en klaar daar en alles sien daar piekfyn uit! Nee, nee, nee! Dit is nie meer natuurlik nie! Nou moet ek tog eers sien of dit ín die tente ook alles in orde is!"

[9] Toe verlaat hy die skip en gaan, begelei deur ons en sy dogter, sy tente in en vind tot sy groot verbasing werklik dat alles heeltemal in orde is.

[10] Nou is hy egter eers goed van stryk gebring. Asof in `n soort verbasingsroes sê hy na `n rukkie, terwyl sy verwondering maar nie kan ophou nie: "Ek het óf by die aartsmagiërs van Egipte uitgekom, óf by loutere gode, want wat ek hier meemaak, is ongehoord en sedert menseheugenis het dit nie voorgekom nie! En jy, vriend, (hy wend hom tot My) skyn te midde van hierdie almal die Meester, of Zeus self te wees!? Jy is nie uit `n mens gebore nie, en hierdie jongeling ook nie, Jy moet van eeue her uit die gees gebore wees! O gode, o gode, watter krag moet julle besit om dit te kon doen en hoe ellendig is die arme mens, die blinde wurm in die stof, vergeleke met julle?! Julle kan alles doen, maar die sterflike wurm in die stof van sy verganklikheid kan niks doen nie! Vriend, U wat `n God is en aan wie almal gehoorsaam is, wat kan ek, `n sterflike mens, vir U, onsterflike God, doen? Wat kan ek U gee, U, wat oor die hele aarde, oor son, maan en alle sterre gebied?"

[11] **Ek** sê: "Vriend, jy besit baie natuurlike insig en beoordeel die gebeure, wat vir jou na `n wonder lyk, gewis met die regte gesindheid, maar jy moet die mense nie te ver benede jou gode stel nie, want Ek sê vir jou: Alle gode, wat jy as sodanig ken en vereer, is eintlik glad niks nie, vergeleke met `n mens wat met die ware Gees van Elohim vervul is.

[12] Kyk, die talle mense wat jy hier sien is merendeels al net so magtig soos hierdie jongeling hier en is tog net mense van vlees en bloed!

[13] Raak My aan en jy sal merk dat ook Ek, wat betref My uiterlike liggaam, uit vlees en bloed bestaan, maar hierdie vlees en bloed is vervul met die Gees van Elohim, die enige Almagtige, na Wie alles hom moet voeg deur die mag van Sy Wil.

[14] Daaraan sien jy dus dat ons hier maar net handel deur die krag van die Gees van Elohim, wat in ons is, in ons denke en wil wat Sy alsiende en alvoelende, hoogste wysheid nodig en goed ag.

[15] Wel, op hierdie oomblik besit Ek Self alleen hierdie eienskap volkome en daarom is Ek daarin `n Meester, maar Ek kan ook enige mens wat van goeie wil is, daartoe in staat stel.

[16] Maar natuurlik kan daardie vermoë aan `n mens wat `n kwade, opstandige wil het, nie en nooit gegee word nie, want dit is noodsaaklik dat hy eers volledig ingewy word in die heilige orde van die Gees van Elohim voordat die vermoë van die mag van die ewige Gees van Elohim aan hom gegee kan word, en dit kan maar net dáárin bestaan dat die suiwer mens in sy siel heeltemal deurdring word met die Gees van Elohim. Die siel wat van Elohim se Gees deurdronge is, wil slegs dit wat die Gees van Elohim wil, en wat Hy wil, moet gebeur omdat Hy alleen die ewige oerkrag en mag van die hele oneindigheid is!

[17] Want alles wat in die eindelose ruimte is, leef en dink, is vir wat betref die geestelik lewende deel die onwrikbare vasgehoue gedagte van hierdie ewige Gees in die orde wat Self deur Hom bepaal is en die daaruit onder woorde gebragte idee, wat egter heeltemal volgens sy aard eweneens selfstandig geestelik kan word.

[18] Kyk, vriend, om dit kort te stel is dit so met die dinge gesteld! Jy is `n bekwame denker en sal weldra baie verstaan, maar op hierdie oomblik sal dit vir jou voldoende wees!

[19] Ek sal jou egter `n sekere Mathael, `n baie wyse man, as geselskap gee. Hy sal jou baie vertel en jy sal My Self daarna beter begryp as nou!"

[20] Daarmee is die Griek, wat hom baie oor My wysheid verbaas, heeltemal tevrede en hy is baie begerig om die man te sien.

[21] **Ek** roep dadelik vir Mathael en sê: "Vriend, daar vind jy `n ietwat bouvallige huis. Jy is `n goeie timmerman en sal wel weet wat daaraan gedoen moet word!"

[22] **Mathael** sê: "Meester, met U hulp sal die huis goed en stewig word!"

### *Ouran, die Griek, kry Mathael as toegewese leraar.*

**85** Hierna swyg Ouran (so heet die Griek, en sy dogter heet Helena) en hy probeer tot ruste te kom om as `n man met baie lewenservaring gedagtes te kan wissel met Mathael wat aan hom voorgestel is, wat hom deur `n paar woorde al laat merk dat hy baie wysheid besit. Daarby wil hy ook rekening hou met 'Sapienti pauca' (`n Wyse man het weinig woorde nodig), om hom nie soos iemand te gedra wat geen hoëre kennis het nie. Toe Ouran enigermate herstel het, en sy kalmte weer teruggekry het, vra hy na `n taamlik lang stilte aan Mathael of hy hom oral op sy wêreldreise wou begelei en wat hy daarvoor verlang.

[2] **Mathael** sê, terwyl hy na My wys: "Kyk na Hom, Hy is `n geneser van liggaam, siel en gees! Ek was nog maar twaalf uur gelede die miserabelste wese op hierdie aarde. My binneste was dermate besete deur die kwaadaardigste geeste dat my hele wese `n aardse duiwel daardeur geword het. By `n bende vreeslike straatrowers was ek die skrik van die hele omgewing, want al my ledemate was deur duiwels bestuur. Maar my siel was verlam en het nie geweet wat daar met haar arme liggaam gebeur het nie. Vriend, jy verstaan wel hoe ellendig ek was! Wie sou my egter kon gehelp het?! Vir elkeen wat naby my gekom het, was ek die grootste verskrikking. Jy kon liewer met tien hongerige tiers te doen gehad het as met my alleen. Slegs `n leërafdeling dappere, Romeinse krygers kon my en my metgeselle oormeester. Aan hande en voete gebind en geketting, was ek met my vier erge metgeselle hierheen gebring om ter dood veroordeel te word.

[3] Maar daar staan die groot Heelmeester, wat uit die hemele tot ons ellendige wurms van hierdie harde en van duiwels wemelende aarde gekom het, om ook ons, lewende duiwels, deur woord en daad te genees. Hy het my en my metgeselle genees en vir die genesing verlang Hy nie maar heeltemal niks van ons vyf nie, maar Hy bewys ons ook nog oorgrote liggaamlike en veral geestelike weldade!

[4] Nou het my goddelike Verlosser vir die eerste keer `n diens van my verlang, waarvoor jy my nou gevra het watter loon ek daarvoor wil hê. O vriend, ek is onmoontlik in staat om iets van jou te verlang voordat ek my skuld aan hierdie Groot Een betaal het, want daarmee dien ek slegs vir Hom wat my geroep het, en nie vir jou nie!

[5] Ek sal egter vir ewig diep by Hom in die skuld wees en nou deur te dien my groot skuld ietwat verminder. Daarom, vriend, sal jy my vir `n bewese diens ook nooit iets skuldig wees nie - behalwe jou ware vriendskap en broederliefde!

[6] Want ek het dit vir niks gekry en vir dieselfde prys sal ek dit ook aan jou gee! Goud, silwer en edelstene sal jy weliswaar nie van my kry nie, maar wat ek het, sal jy ook so kosteloos gegee word soos wat ek dit ontvang het. Vra my dus nie weer so iets in die vervolg nie!"

[7] **Ouran** sê: "Vriend jy is van die edelste mense wat ek nog ooit ontmoet het! Daarom moet jy die wyse leidsman van my en my dogter word en my hele lewe bly!

[8] Ek sal jou weliswaar, ooreenkomstig jou wil, nooit weer vra: 'Wat vra jy daarvoor?' nie, maar dat jy by my niks te kort sal kom as vriend en as `n ware broer nie, dit sal jy tog wel van my kan aanneem?!"

[9] **Mathael** sê: "Dit is nog maar die vraag of jy iets of alles of uiteindelik glad niks van my sal aanneem nie! Want my gawe smaak vir die smaaksin, soos ek al enigsins ondervind het, nou nie juis so soet soos `n met suiwer heuning gesoete wyn soos wat die Grieke dit hier en daar geniet nie, maar dikwels bitterder as gal of die vars sap van `n ou aalwyn! En daarvan geniet smaaksintuie wat aan soet gewoond is, nie graag nie! Daarom sal ons eers goed sien hoe ons wedersydse gawes uitgewissel kan word!"

[10] **Ek** onderbreek hulle en sê: "Weet julle wat, laat ons, omdat ons nog `n volle uur son het en die aand veel goed beloof, nou gesamentlik die heuwel van Markus opgaan, daar sal ons dan bietjie nader kennismaak! Laat jou tente voorlopig deur jou dienaars bewaak, want jy sal dit eers na middernag weer terugsien en gebruik!"

[11] **Ouran** sê: "Daar is egter talle en groot kosbaarhede in! Maar ek dink dat hierdie vriend betroubaar is!"

[12] **Ek** sê: "Vriend, toe jy skaars `n uur gelede in groot gevaar was en jy op die punt gestaan het om jou lewe en alles te verloor, wie het jou toe gered?"

[13] Daarvan skrik **Ouran**. Na `n rukkie sê hy: "Ja, ja, groot Meester! U het gelyk, ek sit nog ietwat vas in my ou gewoontes en sien nou ook in hoe dom dit van my is om iets te vrees. Dit sal `n tweede keer nie meer met my gebeur nie en ek gaan nou sonder bedenkinge dadelik saam met U, waarheen U maar wil!"